Bybel vir Kinders
bied aan

# Die Goeie Samaritaan



Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: M. Maillot; Lazarus

Aangepas deur: Ruth Klassen; Sarah S.

Alastair Paterson

Vertaal deur: Yvette Brits

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2020 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

"Meneer! Wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?" Die man wat die vraag gevra het, was 'n wetsgeleerd wat aan Jesus 'n strikvraag ou stel.




"Jesus sê vir hom: Wat staan in die Wet van Moses (die Here) geskrywe?"


Die man het geantwoord, "Jy moet die Here jou God liefhê, asook jou naaste." "Maar wie is my naaste?"

Om die man se vraag te beantwoord, het Jesus 'n storie vertel, ...




… oor 'n man wat op pad was van Jerusalem af na Jerigo.
Rowers het hom aangeval.


Die rowers het alles wat hulle kon kry gesteel, selfs die ongelukkige reisiger se klere.


Hulle het hom ook ernstig gewond,
en half dood aan die kant van
die pad gelaat.


Per geluk het 'n sekere priester verbyby gekom. Sekerlik sal hy die gewonde man help.


Nee! Toe hy die bloeiende man sien, het hy aan die anderkant van die pad
verby gegaan.


Gou het die geluid van voete a naderende persoon aangekondig.


Hy was 'n Leviet – 'n man wat die Priesters gehelp het by die Tempel.


Hy het gaan kyk na die beseerde man, maar weggestap sonder om hom te help.


Ten laaste het 'n Samaritaan verby gekom. Die Jode haat Samaritane.


Persone wat na Jesus se storie luister verwag nie dat 'n Samaritaan die held moet
wees nie.


Maar hy was. Die Samaritaan het omgegee, hy het gestop en gehelp.

Die Samaritaan het gekniel, en saggies medisyne en verbande op die vreemdeling se wonde gesit.



Daarna het hy die beseerde man op sy eie donkie gehelp.




By 'n herberg langs die pad,
het die Samaritaan
heelnag die
man versorg.


Die volgende oggend het hy die Herbergier betaal om die reisiger te versorg tot hy weer gesond is.

Die storie eindig. Jesus vra, "Wie was die beseerde man se naaste?"





Die regsgeleerde antwoord, "Sy naaste was die Samaritaan wat genade betoon het."

"Gaan, en doen dieselfde," het Jesus gesê. 'n Naaste is iemand in nood.




Ons kan liefde betoon deur mense in nood te help.
Dit behaag God.

# Die Goeie Samaritaan

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Lukas 10

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

# Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is,
se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag!
Johannes 3:16